Pretoria

Deur Thys Snyman

Waarnemende aanstellings

Die volgende lede het as regters in die Noord-Gauteng Hoë Hof waargeneem:
Louis Vorster SC:
8 April tot 14 Junie 2013;
Solly Sithole SC:
8 April tot 14 Junie 2013;
Marius Oosthuizen SC:
27 Mei tot 14 Junie 2013;
Louis de Klerk SC:
29 April tot 24 Mei 2013;
Ig Bredenkamp SC:
8 April tot 12 April 2013;
Gerrit Muller SC:
8 April tot 12 April 2013;
Kobus Strijdom SC:
29 April tot 31 Mei 2013;
Nicoline Janse van Niewenhuizen SC:
13 Mei tot 14 Junie 2013;
Thami Ncongwane SC:
20 Mei tot 7 Junie 2013.
Connie Prinsloo het vanaf 14 tot 18 Januarie 2013 en vanaf 7 April tot 11 Mei 2013 as regter in die Arbeidshof waargeneem.

Piet de Jager SC

Piet de Jager SC is nie net 'n advokaat, skrywer en rolprentmaker nie, hy is ook 'n digter en orgideë-kweker. Hy was in sy veertigerjare toe hy begin dig het. Hy het dan ook in sy digbundel *Ouhout* 'n gedig opgedra aan Albert Camus, die skrywer van die Franse roman *La Peste* welke roman Piet in Afrikaans vertaal het.

Een van Piet se volgende projekte is *Losing Molly* wat gebaseer is op die ware verhaal van advokaat Bram Fischer se tragiese verval nadat sy vrou in 'n fratsongeluk oorlede is.

Piet het vir dekades al 'n groot liefde vir orgideë en dit het aanleiding gegee tot 'n volwaardige kwekery met duisende orgideë by sy woonplek te Bronkhorstspruit.

Die Pretoria Balie wens hom sterkte toe in al sy verskeie werke, beroepe en belangstellings.

2013 Winter Blanket Project

Members of the Pretoria Bar again generously contributed towards the annual Winter Blanket Project.

Almost a 1000 blankets were donated by the Bar to four charity organisations for distribution amongst homeless people in the city as well as to other needy charities in Pretoria.

Adjunk-Regterpresident WJ van der Merwe



Regter Willem Jacobus van der Merwe het die grade BA Regte (1963) en LLB *cum laude* (1965) aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Hy begin op 1 Desember 1967 as lid van die Pretoria Vereniging van advokate te praktiseer nadat hy eers voltyds en daarna deeltyds aan die destydse Departement Romeins-Hollandse verbonde was. Op 1 Maart 1985 word hy as waarnemende regter aangestel tot en met sy permanente aanstelling op 29 Junie 1985. Op 1 Desember 2009 word hy as waarnemende Adjunk-Regterpresident en op 29 April 2010 as permanente Adjunk-Regterpresident van die Noord-Gauteng Hoë Hof aangestel, 'n posisie wat hy tot sy aftrede beklee het.

Skrywer het sedert 1986 in verskeie sake voor regter van der Merwe verskyn, en het hom saam met baie van sy kollegas, altyd as 'n ware 'gentleman' ervaar. Hy het sterk en gesonde dissiplines openbaar en sy optredes het altyd respek en agting afgedwing. Hy het 'n reuse bydrae tot die regspleging gemaak. Regter Van der Merwe se 'afskeidswoorde' is, kortliks, soos volg, en ek haal aan:

> 'Kort na my aanstelling as Adjunk-Regterpresident van Noord-Gauteng het dit duidelik geword dat die *Praktykshandleiding* wat in 1985 die lig gesien het totaal en al onvoldoende is. In die jare sedert 1985 is talle direktiewe uitgereik wat geen sin meer gemaak het nie. Daarom was die *1950 Praktykshandleiding* hersien sodat dit tot 'n groot mate aangepas het by dié van Suid-Gauteng. Die wesenlike verskille tussen die twee afdelings se *Praktykshandleiding* is dat in Noord-Gauteng 'n totaal en al ander prosedure gevolg is by onbestrede mosies, bestrede mosies en spesiale mosies. Die praktyk ten opsigte van siviele verhore was ook heeltemal aangepas. Dit het aanleiding gegee tot 'n verbetering in die vloei van sake en die afhandeling daarvan. Die wagtyd vir alle vorme van sake het drasties afgeneem. Praktisyns het ook voortaan geweet wat die benadering is wat ek gevolg het en hoe die praktyk hier toegepas is. Ek is tevrede dat daar tot 'n groot mate orde gekom het in die administrasie van alle vorme van litigasie.
>
> 'Ek is reeds dikwels gevra oor hoogtepunte en laagtepunte in my loopbaan as regter. Normaalweg beskou mense hoë profielsake as hoogtepunte in hulle loopbaan. Ek dink dit is verkeerd om dit so te beskou. Alle sake behoort vir 'n regter ewe belangrik te wees aangesien 'n hofsaak vir elke litigant die belangrikste saak in sy of haar lewe is. Natuurlik is dit so dat daar meer publisiteit geheg word aan sekere sake maar moet 'n regter altyd daarteen waak dat die publisiteit hom of haar nie tref nie. 'n Regter behoort immuun te wees teen sodanige publisiteit.
>
> 'Ek kom uit 'n akademiese agtergrond en sou baie graag die akademiese sy van die reg tot 'n groter mate wou toepas in my daaglikse regspleging. Dit was egter nie moontlik nie. Die werksdruk in Noord-Gauteng was oor al die jare sodanig dat ek nie tot my eie bevrediging voldoende aandag aan navorsing kon gee nie. As daar dan ooit gesê kan word dat ek 'n laagtepunt in my loopbaan ervaar het, dan sal dit wees dat ek te min tyd gehad het om beter navorsing te doen om beter uitsprake te kon gee.
>
> 'As ek werklik 'n hoogtepunt moet probeer uitsonder, dan is ek van mening dat my tydperk as Adjunk-Regterpresident 'n hoogtepunt was. Ek was in 'n posisie waar ek my eie kreatiwiteit kon laat geld en waar ek so hard kon werk as wat ek wou. Ekself kon die

pas aangee en ekself kon 'n voorbeeld stel aan kollegas en praktisyns, meer as wat ek dit kon doen as 'n gewone regter. Daarom is dit ook so dat my werksdag normaalweg teen 06:00 vm begin het en eers teen 06:00 nm afgesluit het afgesien van werk na-ure. Ek was as Adjunk-Regterpresident in die posisie waar ek nie gebonde was om sekere werk op sekere dae te doen nie maar soveel werk kon aanpak as wat my kragte my toegelaat het om te doen. Ek glo dat op hierdie wyse ek 'n bydrae kon lewer aan die breë publiek en aan praktisyns.

'Wat vir my 'n groot bron van vreugde was as Adjunk-Regterpresident is dat ek 'n oopdeurbeleid gevolg het. Kollegas en praktisyns was welkom om my oor enige aangeleentheid te spreek en te raadpleeg. Ek was in die posisie waar 'n litigant kon kla as die teenparty voete gesleep het en sake vertraag het. Ek was in die posisie geplaas waar ek kon toesien dat sake gereed gemaak word vir verhoor. As Adjunk-Regterpresident het ek ook die geleentheid gehad om toeganklik te wees vir hofpersoneel. Dit het dan ook gou geblyk dat 'n ieder en elk van die oopdeurbeleid gebruik gemaak het. Ek glo egter dat wat die personeel self betref, dit aanleiding gegee het tot beter dienslewering.

'Ek glo ook dat my verhouding met die professionele liggame en die lede van die professies goed was, en dat dit ook bygedra het tot beter dienslewering. Ek het deurentyd geweet dat ek kon staat maak op die ondersteuning van praktisyns en hulle lojaliteit. Natuurlik moes ek hard werk om hulle vertroue te behou.

'Dit is jammer dat ek op die ouderdom van 70 'n loopbaan van meer as 28 jaar as regter moet groet. Ek gaan vir twee weke vakansie hou en daarna moet ek poog om my op een of ander manier besig te hou. Ek is deur die Minister gevra om te dien op die Reëlsraad van howe. Dit is 'n funksie wat ek met vreugde vervul. Ek hoop en vertrou dat daar ander terreine van die reg is waar ek steeds 'n bydrae sal kan lewer aangesien ek nog genoeg petrol in die tenk het en nie op hierdie stadium kan gaan stil sit nie.

'My aftrede is vir my 'n baie emosionele saak en ek gaan my daaglikse werk geweldig mis. Daaglikse kontak met advokate, prokureurs en kollegas gaan ek baie mis.'

Judge BR Southwood

Judge Brian Richard Southwood obtained the BA Law degree at the University of Stellenbosch in 1967 and the LLB degree at the University of South Africa in 1970. He did articles of clerkship at Moodie and Robertson, Johannesburg, from January to March 1968 and at Rooth and Wessels, Pretoria, from April 1968 to December 1970.

He was admitted as an attorney on 18 October 1971 but never practised as an attorney. He was a member of the Pretoria Bar from January 1972 to July 1993, and was awarded senior status on 27 February 1985.

He was a member of the Bar Council from 1989 to 1992 and chairman from 1991 to 1992. He was also vice chairman of the General Council of the Bar of South Africa in 1991 to 1992 (one year) and its chairman in 1992 to 1993 (one year).

He acted as a judge in the Transvaal Provincial Division from February to April 1988, and on 1 August 1993 he was appointed as a judge. He sat in both Pretoria and Johannesburg. He was appointed as acting judge of the Supreme Court of Appeal during 2003 tot 2004 (four terms) and during 2012 to 2013 (four terms). He was chairman of the Stock Exchange Appeal Board from 1988 to 1992. Judge Southgwood made a huge contribution to the judiciary.

Soccer extravaganza

By **Molatelo wa Malowa,** Club coordinator

The Pretoria Bar has resuscitated its football days of glory when it used to play against law firms like Adams & Adams. There used to be laughter and memorable occurrences at the football grounds. In one instance a member, while making runs on the soccer field, took-off his jersey and played half-naked, explaining that the soccer-jersey had become heavy as he had become tired. In another incident a senior member had insisted on taking a penalty due to his seniority at the Bar, but due to his lack of skill he missed the ball completely while it was still stationary.

The Pretoria Bar started off this year's fixtures in May, with some wounds. They were beaten 3:2 by Danville Football Club on the 9 May 2013. On 12 June 2013 they were beaten 4:2 by the Department of Transport in Pretoria.

Photo: Molatelo Malowa.

The team that played against Department of Transport in Pretoria on 11 June 2013. Back row: Peace Mahlangu, Joe Resenga, Molatelo Malowa, David Mtshweni, Mduduzi Thabede, Dolf Mosoma (pupil). Front row: Maupye Mashamaite (Malowa's personal assistant), Thabo Babedi, Kabelo Mokwena (Common Room employee), Baldwin Makuya and Tseke Marishane.